



Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.



Gr. 6

Totaal: 80
Tyd: $1\frac{1}{2}$ uur

Kwartaal 4, Toets 2024

Vraag 1

1.1 Skryf die onderstaande getalle in woorde:

1.1.1 43 564 (1)

1.1.2 723 412 (1)

1.2 Skryf die waarde van die onderstreepte syfer in elke getal hier onder neer:

1.2.1 542 788 (1)

1.2.2 999 111 (1)

1.3 Bereken die som van die waardes van die grootste en die kleinste syfers in die volgende getal: 154 263 (3)

1.4 Rond 45 478 af tot:

1.4.1 die naaste 10. (1)

1.4.2 die naaste 100. (1)

1.4.3 die naaste 1 000. (1)

1.5 Verdubbel 42 238. (1)

1.6 Verminder 23 732 met 100. (1)

1.7 Bereken volledig:

1.7.1 $245 + 328 + 43 =$ (1)

1.7.2 $2\,478 - 324 =$ (1)

1.7.3 $260 \times 30 =$ (1)

1.7.4 $7\,500 \div 50$ (1)

1.7.5 $R34,65 + R68,54$ (1)

1.7.6 $45,7 + 35,6$ (1)

1.7.7 $\frac{2}{5}$ van 75 = (1)

1.7.8 $1,2 \times 2 \times 100$ (1)

[20]

Vraag 2

2.1 Beantwoord elkeen van die volgende kortvrae:

2.1.1 $2\frac{2}{5} + \underline{\quad} = 5$ (1)

2.1.2 0,5 minder as $\frac{5}{8}$ (1)

2.1.3 $3 - (1\frac{1}{3} + \frac{1}{2}) =$ (2)

2.2 Voltooi die onderstaande tabel deur die tekens < ; > of = in te vul: (5)

$55\,000 \div 1$		$55\,000 \times 1$
$2 \times 8 + 25 \div 5$		$2 \times (8 + 5)$
$4 + 3 \times 4 + 2$		$4 + 3 \times 2$
$(3 \times 2) \times 5$		$3 \times (2 \times 5)$
$0 \times 10 + 1$		$1 - 10 \times 0$


2.3 Skryf slegs **WAAR** of **VALS** vir elkeen van die volgende stellings neer:

2.3.1 0,055 is kleiner as 0,505. (1)

2.3.2 Die produk van die eerste drie priemgetalle is 6. (1)

2.3.3 Die som van 2,33 en 0,23 is gelyk aan die verskil tussen 3 en 0,44. (1)

2.4 Beskou die onderstaande diagram en beantwoord die vrae wat volg:



2.4.1 Watter breukdeel van die diagram is ingekleur? (1)

2.4.2 Watter breukdeel van die diagram is nie ingekleur nie? (1)

2.4.3 Skryf die ekwivalente breuk van jou antwoord in 2.4.2 neer, met 'n noemer van 9. (1)

2.5 Lisa studeer van Maandag tot Vrydag elke dag $1\frac{1}{4}$ uur lank. Hoe lank studeer sy altesaam in hierdie vyf dae? Skryf jou antwoord in ure en minute. (3)

[18]

Vraag 3

3.1 Ontleed die raaisel:


$$\text{😊} + \text{😊} = 14$$

$$\text{❤️} \times \text{😊} + 2 = 23$$

$$\text{❤️} + \text{❤️} - \text{★} = 1$$

Bereken: $\text{❤️} + \text{😊} + \text{★} =$ (4)

3.2 Beskou die patroon hier onder:



Prent 1 Prent 2 Prent 3

3.2.1 Voltooi die tabel: (3)

Prentnommer	1	2	3	4	5	10		13
Aantal sirkels	1	4	9	16		100	144	

3.2.2 Hoeveel sirkels sal die 20ste prent in hierdie patroon hê? (2)

3.2.3 Watter prent in hierdie patroon sal 10 000 sirkels hê? (1)


[10]

Vraag 4


4.1 Voltooi die vergroting van vierkant A na vierkant B: (2)



4.2 In die onderstaande diagram word een helfte van 'n figuur geskets en die stippellyn is die lyn van simmetrie van die figuur. Skets die ander helfte van die figuur. (1)



4.3 Beskou die onderstaande 3D voorwerp hier onder en skets sy bo-, voor- en regteraansig. (3)



Vooraansig

Regteraansig	Vooraansig	Bo-aansig

[6]

Vraag 5

5.1 Voltooi die volgende: (5)


5.1.1 $4\frac{3}{4} l = \text{_____} ml$

5.1.2 $36\ 000 \text{ sekondes} = \text{_____} \text{ minute} = \text{_____} \text{ ure}$

5.1.3 $1,85 kg = \text{_____} g$

5.1.4 $50\ 500 mm = \text{_____} m$

5.2 Beskou die onderstaande saamgestelde figuur en beantwoord die vrae wat volg:



5.2.1 Bepaal die lengtes van sye a en b . (2)

5.2.2 Bereken die omtrek van die figuur.

(1)

5.2.3 Skryf die omtrek (jou antwoord in vraag 5.2.2) in *mm*.


(1)

5.2.4 Bereken die oppervlakte van die figuur in cm^2 .

(4)

5.3 Hoeveel 2 cm x 2 cm x 2 cm kubusse sal in die onderstaande boks pas?


(3)



[16]

Vraag 6

Die staafgrafiek hier onder toon die afwesighede van laerskoolleerders op Maandag 11 November 2024.



6.1 Daar was op Maandag 11 November 2024 nege graad 4-leerders afwesig.
Bepaal die totale aantal leerders, in graad 3 tot 7, wat op hierdie dag afwesig was. (2)

6.2 Rangskik die aantal afwesighede per graad in stygende orde en bepaal die mediaan
aantal afwesighede op hierdie dag. (2)

6.3 Bereken die gemiddelde aantal afwesighede per graad op hierdie spesifieke dag. (3)

6.4 Wat is die waarskynlikheid dat 'n afwesige leerder, wat willekeurig (lukraak) gekies
word, in graad 5 sal wees? Skryf die waarskynlikheid as 'n breuk neer. (1)

6.5 Indien daar op hierdie Maandag 10% van die totale aantal graad 7's afwesig is,
hoeveel van die graad 7's is wel by die skool? (2)

[10]

Totaal: [80]
